

Popklere vir 'n poplap



Sonrokkies vir spoggerige poppies

So 'n sonrokkie kan jy vir enige pop maak. Meet net die afstand vanaf die armholte tot by die knie. Reken 5 cm by aan die bokant, wat moet terugvou om die soom vir die lyftek te maak. Knip 1 deel uit materiaal vir die roklyfie. Vou bokant terug op voulyn. Stik 'n 3 cm-soom in. Ryg 'n rek deur, 2,5 cm breed en stik 1,5 cm vanaf synate van rok, vas. Om onderste soom te vorm, plaas anglaise-nt, 2,5 cm breed, en materiaal, RK teenmekaar en rafelrande opmekaar, en stik vas. Stik middelagter-naat van roklyfie in. Die skouerbandjies: Meet afstand vanaf roklyfie middelvoor, bo-oor skouers, tot middelagter. Knip 2 stroke skuinsband, 38 cm lank vir groter pop en 30 cm lank vir kleiner pop. Ryg anglaise-kant, 2,5 cm breed en 1,5 maal die lengte van die skouerband, in. Speld die twee stroke skuinsband opmekaar. Plaas ingerygde kant in posisie tussen-in die twee stroke, 2,5 cm vanaf die punte van die band, sodat die kantdeel sowat 2 cm uitsteek. Stik vas. Heg die

punte van die skouerband netjies af. Vou die skouerband, in die middel, reghoekig om so 'n V-hals te vorm. Speld in posisie vas aan middelvoor en borand van roklyfie. Stik vas met dubbele stiksel. Heg die wollerige strokie van Velcro, 4 cm lank, middelagter vas, aan binnekant van rokkie. Heg twee strokies van hakiesdeel van Velcro, 1,5 cm lank, elk aan 'n punt van bokant van lyfband vas.

Kopbandjies: Meet omtrek van die koppies en knip rek, 2 cm breed, daarvolgens.

Trek die rek oor met materiaal ongeveer twee maal die lengte van rek en dieselfde breedte. Heg 'n strikkie voor-aan vas. Om 'n kappie te vorm, knip materiaal twee maal die breedte van rek en werk vooraf anglaise-kant in die valletjie.

Drabedjie

Knip 2 dele van materiaal vir matrasoortreksel — 1 deel bedrukte materiaal vir bokant en 1 deel ongebleikte linne vir onderkant. Knip 1 deel van skuimrubber, 53 cm lank, 27 cm breed en 1,5 cm dik, vir matras. Plaas die 2 dele materiaal opmekaar,

VK teenmekaar. Stik vas. Laat een kort naat oop. Skuif skuimrubber in posisie in matras-“sloop”. Stik kort naat toe. Knip die nate ongeveer 5 mm weg. Knip 1 deel van materiaal, 165 cm lank en 29 cm breed, en 1 deel van skuimrubber, 162 cm lank, 12 cm breed en 1,5 cm dik, vir sye van bedjie. Plaas rafelrande van materiaal-breedte opmekaar, RK teenmekaar. Stik naat in. Pars naat oop. Vou materiaal oorlangs in die helfte, VK teenmekaar. Plaas skuimrubber tussen twee lae tot op voulyn. Maak 'n bostiksel, 2,5 cm vanaf voulyn, dwarsdeur materiaal en skuimrubber. Speld skuimrubber aan materiaal vas, 3 cm vanaf rafelrande. Maak 'n bostiksel, 3 tot 5 mm van waar skuimrubber ophou. Knip naattoelating weg met 8 mm. Maak twee bostiksels in elke hoek van die voetenent-sye om bedjie meer hoekig te maak. Die handvatselbande is 2 stroke materiaal, 60 cm lank en 6 cm breed. Vou die stroke oorlangs in die helfte, RK teenmekaar. Stik 2 lang nate in.

Pars nate oop. Keer bande om. Pars en werk rafelrande af. Speld bande vas, 7 cm vanaf voetenent en 3 cm vanaf borand, aan binnekant van bedjie, 28 cm uitmekaar. Stik deeglik vas met dubbele stiksel. Knip 1 deel van kwiltmateriaal vir boonste klap. Boor die rafelrande met skuinsband, 132 cm lank, om. Plaas onderpunt van klap teenaan voetenent van bedjie. Speld een sy van klap aan sykant van bedjie, aan binnekant. Heg vas met bostiksel, 2,5 cm vanaf borand. Werk vier pare drukknopies, 12 mm in deursnee, in posisie aan onderkant van klap en binnekant van bedjie.






Nagrokkie

Knip 1 deel uit materiaal vir voor- en agterpant. Boor agterhalsspleet met skuinsband om. Heg Velcro in posisie vas. Versier die voorpant met 'n strook skuinsband en anglaise-borduurskant. Knip anglaise-kant, 2,5 cm breed, uit vir hals en mouboordjies. Stik synaatsjies in by valletjies vir mouboordjies. Speld anglaise-borduurskant om die mouboordjies en halslyn, RK teenmekaar en rafelrande opmekaar. Stik vas. Stik rek,

5 mm breed, met slangetjiesteek aan binnekant van mouboordjie en hals vas. Vou patroondeel op voulyn, RK teenmekaar. Stik sy- en ondermounate in. Stik soom in.

Die kappie

Knip 1 deel uit materiaal. Speld anglaise-kant, 2,5 cm breed, reg om materiaal, RK teenmekaar en rafelrande opmekaar. Stik vas. Speld rek, 5 mm breed, ongeveer 4,5 cm vanaf buiterand, aan VK van sirkel vas. Stik vas met slangetjiesteek.



PRIMA TOYS gee pragtige poppe gratis weg aan 20 gelukkige klein lesertjies.

Die Baby Love-pop is 40 cm lank. Die kleiner weergawe van die Baby Love is 28 cm lank. Die poppe kom saam met bababotteltjies, sodat jou poppie water kan drink en haar doek kan natmaak. Verder het die Baby Love beweegbare arms en bene, slaapogies, gewortelde hare, is wasbaar en nie-giftig. Vyf Baby Love-poppe van elke grootte word weggee.

Die Dream Baby-pop is 46 cm lank. Sy het 'n sagte troetelbare liggaam van materiaal en slaapogies. Haar kop, arms en bene is lewensgetrou. Sy het sagte, syrige hare en is nie-giftig. Die kop, arms en bene kan met 'n klam lappie skoongemaak word. Tien Dream Baby-poppe word weggee.

Gratis poppe vir 20 lesers



Elders is patrone en aanwysings om vir die poppe oulike uitrustings te maak.

Skryf jou naam, adres en telefoonnommer agterop 'n toegeplakte kovert of poskaart, meld watter een van die drie poppe jy graag wil

hê en stuur dit aan ROOI ROSE/ Prima Toys-Aanbod, Posbus 15704, DOORNFONTEIN, 2028. Die aanbod is geldig tot 16 April 1992. Insenders van die eerste 20 inskrywings ontvang elk 'n pop.